

24 November Psalm 84; (Teks: vers 12 - 33/53 vert.)

Die HERE God is 'n son

'n Groepie pelgrims, vuil en moeg, staan na 'n lang reis voor die tempel in Jerusalem. Die leier sing of dra hierdie Psalm voor. Dit is eers 'n lofsang op die lieflikheid van die tempel wat oorgaan in 'n lofsang op die God van die tempel: Die HERE God is 'n son en skild. Kom ons kyk net na die een element hiervan: Hy is 'n son.

Hierdie pelgrims het op hulle reis deeglik met die son kennis gemaak en ervaar wat hy is en doen. Maar as gelowiges ervaar hulle hulle God ook so. Dit is ook wat Hy vir hulle is en doen!

Die son is ver en tog naby: God self woon in ontoeganklike lig, maar omstraal ons elke dag met sy teenwoordigheid.

Waar die son se strale indring, wek dit lewe, soos alle lewe slegs deur God gewek word. Maar lewe sonder lig is vaag en newelagtig, soos 'n lewe sonder God. Die sonlig gee kleur en perspektief aan alles. Alleen in die lig van God se openbaring maak ons lewe sin en kan ons ons pelgrimspad loop in die lig van die ewige son wat vir ons opgegaan het in Jesus Christus. Hy het die brandende strale van God se toorn op Hom saamgetrek sodat daar vir ons die koelte van versoening kan wees.

Sing: Psalm 94:6

Ds. P.J.W.S. van der Westhuizen (Windhoek)